Afrikaanse Gemeente UAE

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com

Jaargang 3 Uitgawe 68

AANMOEDIGING

Omtrent 'n kilometer van die eindstreep af dam die skare al breër en dieper langs die straat, wagtend op 'n vriend of familielid om verby te kom. Die spanning is voelbaar. Gaan die geliefde vandag die eindstreep haal? Hoe lank nog voordat hulle verbykom?

Wanneer die eerste atleet oor die bult kom, begin die skare spontaan juig. Wie kan dit wees? Soos wat die deinserige gestalte al meer mens word, begin hulle woel om beter te kan sien. Uiteindelik is hy herkenbaar naby. Die skare lag, fluit en klap ritmies hande soos wat die atleet nader kom. Die ander atlete kom ook eenseen in sig. Hulle is moeg en druipnat van inspanning. Sommige sleep hulle tam lywe met uiterste wilskrag en inspanning vorentoe.

Wanneer 'n bekende verbykom hardloop die toeskouer-vriend 'n ent saam en moedig die atleet aan om vas te byt. "Nog net 'n klein entjie!" "Moenie nou moed verloor nie, jy is amper daar!" "Hou aan, jy kan!" "Die eindstreep is in sig!" Die eenvoudige woorde het 'n verstommende uitwerking. Die wat skaars kon loop, kry nuwe krag en met wankelbene maar 'n breë glimlag en 'n hand gelig in erkenning, begin hulle weer draf. Dit is pynlik om die beproewing te aanskou, maar terselfdertyd is die effek van die aanmoediging oorweldigend.

Aanmoediging! Hoe nodig het ons dit nie in die daaglikse resies van ons bestaan nie! Hoe nodig het ons nie iemand wat ons aanmoedig en saam hardloop wanneer ons net genoeg krag oor het om 'n hand te lig nie? Hoe broos en kragteloos is ons nie in ons eie menswees nie. Hoe nodig het ons dit nie om in hierdie wêreld sonder limiet aangemoedig te word nie.

Die Hebreër skrywer het die stryd goed verstaan wanneer hy skryf: "Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly nie ... maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom." (Hebreërs 10:24-25) Watter aansporing deel jy aan ander uit wanneer hulle jou pad kruis? Watter erns maak jy wanneer hulle bene kragteloos word en hulle sukkel om die pas vol te hou? Moedig jy hulle aan om vol te hou? Is jy die een wat die verbyganger se naam uitroep en sê: "Hou goeie moed, dit is nog net 'n klein entjie. Die wenstreep is in sig!"

Jesus kom weer. Kan ons bekostig om in die bietjie tyd wat oor is, die atleet mis te kyk en 'n woordlose toeskouer van sy stryd te word? Ons word gemaan in Fillipense 4:5: "Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby." In Jakobus 5:8 lees ons: ...dit is nie meer lank nie, dan kom die Here" en in Openbaring 22:12 "Kyk ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het." Hoe bemoedigend is jou woorde?

Miskien is jy vandag die een wat aanmoediging nodig het. Miskien is jy die een wat voel dat jou bene nie meer die vrag van swaarkry, hartseer of alleenheid kan dra nie. Waaruit put jy jou krag om aan te hou wanneer daar niemand langs die straat van jou lewe staan om jou naam uit te roep of vir jou te sê dat die oorwinning in sig is nie? Die Here kom vertroos jou wanneer hy sê: "'n Geknakte riet sal hy nie afbreek nie; 'n lamppit wat dof brand sal hy nie uitdoof nie ... Ek hou jou vas, Ek beskerm jou." (Jesaja 42:3 en 6) Die Here maak vandag aan jou 'n belofte vir die tye wanneer die grond naby is en die hemel ver voel: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie." (Hebreërs 13:5) Hy is by jou om jou aan te moedig al is die strate van jou lewe leeg.

Mag hierdie woorde jou genoegsaam versterk om die wenstreep te haal.
Lien Els

Leierspanbou byeenkoms vandag Vrydag 4 Julie 2008 in Christ Church Jebel Ali om 13:30 - 17:00. Ons versoek dat almal wat in leierskapkonteks in ons gemeente dien asseblief sal bywoon. (Kerkraad, selleiers, gebedsleiers en jeugleiers). Ons gaan saamgesels oor die pad tot nou asook die pad voorentoe.

Geniet die vakansie: Die skoolvakansie het die aanbreek van 'n rustyd veral vir ons kinders ingelei en ons wens hulle 'n baie geseënde vakansie toe. Mag julle uitgerus en vol lewe die volgende akademiese jaar kom aanpak.

Sang- en Familie-aand op Dinsdag 15 Julie 2008. Ons nooi die hele gemeente uit , dis nou dié wat nie weg is met vakansie nie. Dit gaan 'n besonderse aand wees met 'n paar verrassings. Nooi ander vriende en kollegas om saam te kom.

Afrikaanse Gemeente UAE

GEMEENTE PROGRAM VIR JULIE 2008

Julie 2008						
Mon	**Tue**	**Wed**	**Thu**	**Fri**	**Sat**	**Sun**
	1	2	3	4 Nagmaal Leiers spanbou (jeug, sel, kerkraad, gebed, ouers)	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15 Familie- en Sangaand	16	17	18	19	20
21	22	23 24 Uur Gebed	24	25 Lidmaat(skap) Toerusting Program	26 Manne Gebedsoggend	27
28	29	30 Gensingsdiens	31			

SELGROEP-BEDIENING en BIDURE

Sondagaaand

- Aan huis van **Calvyn en Manda Hamman in Um Suqeim.** Dit is in 26E Street, No. 129, Al Safa Village 3. Kontaknommer is 04 - 342 0802. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Jan-Louis en Obri Oosthuizen Springs12**. Dit is in Straat 1, Villa no 43. Kontaknommer is 04 361 4298. tyd is 19:00

Mirdif

- Aan huis van **Leon en Helmien** Straat 87c Villa no 4, Kontaknommer Waldo: 050 553 9234. tyd is 19:00

Maandagaand

- Aan huis van **Nicky** in die **Gardens 13**, onderste vloer no 6 Kontaknommer Nicky 050 467 3122. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Riaan en Petro Bezuidenhout in die Gardens 49** op grondvloer no 1. Hulle vergader om 19:00. Die groep wissel in hulle saamkom. Kontaknommer is Riaan 050 640 1082. Tyd is 19:00
- Aan huis van **Tienie en Sandra Ferreira in Um Suqeim. Al Thanya straat 70.** Kontaknommer is Johan Swart 050 451 2807. Tyd is 19:00
- Nog 'n **Springs groep** is by **Basie of André . Hulle vergader** om die beurt by verskillende huise. Dis 'n jonger groep en kontak besonderhede is as volg. Basie 0502533196 of André 0503954800

Abu Dhabi

- Kontak **Leon Misselhorn,** indien u wil inskakel of mense verwys op 050 674 9133. Tyd is 19:00
- Kontak Ewert van der Linde. Die selgroep, in Abu Dhabi self, wissel en nommer is 050 4188573. Tyd is 19:00

Dinsdagaand

- Aan huis van **Piet en Carlien Vorster** in **Al Quasais** in die Fatima Ebrahim gebou nr 108. (Pienk gebou) regoor die Emirates College naby die Dubai Womens College en ook die Diyafa School. Daar is nie 'n naam op die gebou nie. Kontaknommer is 050 5989351

Woensdagaand

Al Ain

- Kontak **Erich Ipland,** indien u wil inskakel of mense verwys, sy kontaknommer is op 050 812 3016. Tyd is 19: 30
- Kontak **Annatjie Venter** indien jy by die verpleegsters se selgroep wil inskakel. Haar kontaknommer is 050 5330829
- Kontak **Manie** Villa 1 Straat 6, Alkhabisi. Kontaknommer is 050 813 5292 Tyd 19:00

Dinsdagaand Biduurgroep

- Aan huis van **Yolande Rass** in ***Arbaian Ranches Al Reem 3, Villa 135, Straat 1.*** Kontakno 050 886 8053 Tyd 19:30

Woensdagaand Biduurgroep

- Aan huis van **Jan en Sharon Pretorius** in **Meadows 7, Straat 2, Villa 18.** Kontaknommer is Sharon by 050 6514407. Tyd is 19:00.
- Aan huis van Linda en Gerhard in **Meadows 9, Straat 14, Villa 43** vir mense wat Egelstalig wil bid. Kontaknommer is Linda 055 831 7457. tyd is 19:00

Donderdagoggend Jeugbiduur om 10:00. Bidgroep **vir die jeug** by Ds Gert in Springs 3 Skakel Ds Gert op 0508368392